

# MAAK PLEK VIR SPEEL

Skep ekstra ruimte met 'n maklike speelgoedboks vir alles wat altyd rondlê – Cashbuild wys jou hoe jy dit vinnig en maklik kan doen

**M**OEG geklouter oor die hope speelgoed om by jou kinders se kamers in te kom? Maak hierdie maklike boks waarin hulle hul speelgoed netjies kan wegpak pleks daarvan dat dit oral rondlê. Of nog beter: Omskep dit in 'n lekker projek vir die hele gesin en vra die kleingoen om self hul speelgoedboks te versier. Jy sal alles wat jy daarvoor nodig by jou verbruikerskampioen Cashbuild kry – van 'n wye reeks houtprodukte tot al die gereedskap vir dié takkie.

## JY BENODIG

Drie tongskarniere en skroewe; 19 mm-dennehout: 1 stuk van 900x400 mm (boom), 2 stukke van 600x400 mm (kante); 2 stukke van 938x600 mm (voor- en agterkante), 1 stuk van 938x438 mm (deksel); 40 mm-houtskroewe; skroewedraaier (geskik vir die soort skroewe wat jy gebruik); skuurpapier; houtgom of kleefmiddel; klam lap; 4 hoekplaatjies; potlood; liniaal/maatband; houtstopverf; klemme (opsioneel)

## OM TE MAAK

**STAP 1** Maak seker dat alle stukke hout volgens die regte groottes gesny is en bymekaar sal pas volgens die illustrasie.

**STAP 2** Plaas die 900x400 mm-boom plat op 'n werkopervlak. Wend houtgom/kleefmiddel aan die rand van een sykant. Plaas 'n 600x400 mm-sypaneel regop teen die ge-



gomde kant en heg dit stewig vas met vier 40 mm-houtskroewe wat eweredig langs die boom gespaseer is. Vee enige oortollige gom met 'n klam lap af. Herhaal die proses met die ander sypaneel. As jy 'n klem het, gebruik dit om die kante in posisie te hou terwyl jy die voor- en agterkant vassit. Of vra iemand om jou die stukke te help vashou terwyl jy werk. Wend houtgom/kleefmiddel aan die voorste rand van die boom. Plaas die voorste paneel van 938x600 mm regop langs die boom en kante van die sypanele. Maak dit stewig vas met ses 40 mm-houtskroewe wat eweredig aan die voorkant gespaseer is en met vier 40 mm-skroewe aan elke kant. Herhaal die proses met die agterste paneel. Verwyder enige oortollige gom met 'n klam lap. **WENK:** Versterk die boks deur

die hoekplaatjies by elke hoek aan die binnekant van die boks vas te maak. Dit moet sowat 30 mm van die boom wees.

**STAP 3** Sit laaste die deksel van 938x438 mm op en maak seker dit loop gelyk met al die kante. Merk die middelpunt van die agterkant en ook 77 mm vanaf elke punt. Meet en merk die ooreenstemmende punte op die deksel. Dis waar jy die tongskarniere gaan aanbring. Skroef die skarniere vas. Die deksel moet  $\frac{3}{4}$  kan oop-swaai sodat dit plat teen die agterste paneel kan lê en die boks behoorlik kan oopmaak.

**WENK:** 'n Paar tou-handvatsels is ideaal as jy die boks wil rondskuif. Boor twee gate (sowat 1,3 cm in deursnee) in die sypanele. Ryg tou deur van buite en maak knope aan die binnekant. Wieletjies sal dit selfs

makliker maak om die speelgoedboks te beweeg.

**STAP 4** Vul al die skroefgate met houtstopverf en laat dit droog word. Skuur die hele boks om alles glad te kry en die houtstopverf egalig te maak.

■ Gesels met 'n konsultant by jou naaste Cashbuild-winkel en kry nog maklike selfdoen-wenke en -idees vir bêreplek om jou huis netjieser te maak. Vir meer inligting bel die Cashbuild-kliëntediensnommer 0860-100-582. □

## OM TE VERSIER

- Gebruik grondverfprimer, verf (of spuitverf vir 'n vinniger en gladder afwerking) in jou kind se gunsteling-kleur, plakkers, patroonplate, stempels en/of découpagie-items van jou keuse.
- Verf die buitekant van die boks met grondverf. Laat dit behoorlik droog word.
- Wend 'n basislaag verf aan en laat dit droog word. Wend 'n tweede laag aan as dit nodig is.
- Geniet dit om die boks te versier!

